education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## JUNIE 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n addendum van 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument**.**

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970'S TOT 1980'S: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980'S

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET, 1970'S TOT 1980'S: SUID-AFRIKA

   VRAAG 4: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

2. AFDELING A bestaan uit TWEE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, sal in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit TWEE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg.

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. U word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. Wanneer u vrae beantwoord, moet u u kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur bloot die bronne as antwoorde te herskryf.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.

9. Skryf duidelik en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAAG

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling.

Die bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE UNITED DEMOCRATIC FRONT GEREAGEER OP DIE APARTHEID-HERVORMINGS WAT IN 1983 DEUR PW BOTHA INGESTEL IS?

Bestudeer bronne 1A, 1B, 1C en 1D en antwoord die vrae wat volg.

1.1 Bestudeer Bron 1A.

1.1.1 Noem die TWEE rassegroepe in die bron wat die United Democratic Front (UDF) oorreed het om nie aan die verkiesings deel te neem nie. (2 x 1) (2)

1.1.2 Definieer die term *Driekamerparlement* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.3 Verduidelik wat geïmpliseer word deur die stelling, 'Hervorming het hernude stukrag aan die weerstandsbeweging verskaf' (1 x 2) (2)

1.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die primêre (hoof) rede waarom PW Botha die Driekamerparlementêrestelsel geskep het. (2 x 2) (4)

1.1.5 Lewer kommentaar op die reaksie van die swart gemeenskappe op die veldtogte van die United Democratic Front (UDF). (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Volgens die bron, wat was die oogmerke van die bekendstelling van die United Democratic Front? (2 x 1) (2)

1.2.2 Haal bewyse uit die bron aan, wat wys dat die regering se grondwetlike voorstelle onvoldoende was. (1 x 2) (2)

1.2.3 Verduidelik wat jy dink geïmpliseer word deur die volgende, 'ons is hier om te sê dat daar regte is wat nie deur die staat toegeken (oorgedra) of van die staat verkry word nie,' (2 x 2) (4)

1.2.4 Waarom dink jy sal 'n historikus hierdie bron as betroubaar beskou met betrekking tot die bekendstelling van die UDF in 1983? (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Hoekom dink jy is hierdie plakkaat deur die United Democratic Front gepubliseer? (2 x 2) (4)

1.3.2 Lewer kommentaar op die slagspreuk in die plakkaat 'ONS SAL NIE STIL GEMAAK WORD NIE' in die konteks van die weerstand teen die onderdrukkende maatreëls van die staat. (1 x 2) (2)

1.4 Verwys na Bronne 1B en 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1C met betrekking tot die UDF en die weerstand teen die regering se voorgestelde hervormings ondersteun. (2 x 2) (4)

1.5 Bestudeer Bron 1D.

1.5.1 Haal bewyse uit die bron aan wat aandui dat die driekamerverkiesing 'n lae opkoms van Indiese kiesers in 1984 gesien het. (1 x 2) (2)

1.5.2 Definieer die konsep *grondwet* in die konteks van die driekamerparlementsverkiesing van 1984. (1 x 2) (2)

1.5.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar oor hoekom wit kiesers die grondwet met 'n twee derdemeerderheid onderskryf het by 'n referendum gehou in November 1983. (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die United Democratic Front (UDF) gereageer het op die apartheidshervormings wat deur PW Botha in 1983 ingestel is. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: WAS DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL IN DIE VERSOENING VAN SUID-AFRIKA UIT SY VERDEELDE VERLEDE?**

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en antwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Waarom, volgens die bron, was die WVK gestig? (1 X 2) (2)

2.1.2 Definieer die term *versoening* in jou eie woorde. (1 X 2) (2)

2.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis lewer kommentaar oor hoekom jy dink die nuwe demokratiese parlement die skepping van die WVK goedgekeur het. (2 x 2) (4)

2.1.4 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die totstandkoming van die WVK deur die post apartheids-regering bestudeer. (2 x 2) (4)

2.2 Gebruik Bron 2B.

2.2.1 Hoekom het die WVK besluit om hierdie plakkaat te publiseer? (1 x 2) (2)

2.2.2 Verduidelik wat geïmpliseer word deur die woorde, 'KOM PRAAT MET MEKAAR UIT … SODAT ONS DIE PAD KAN SAAM LOOP NA VERSOENING' in die konteks van die WVK. (2 x 2) (4)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Verduidelik die begrip *herstellende geregtigheid* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.3.2 Gebruik inligting in die bron en verduidelik hoekom sommige politieke groepe gekant was teen die werk van die WVK. (2 x 1) (2)

2.3.3 Wat volgens die bron was die Waarheidskommissies se grootste flater? (1 x 2) (2)

2.3.4 Watter impak het hierdie flater op die werk van die WVK gehad? (2 x 2) (4)

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die WVK in Suid-Afrika as suksesvol beskou is? (1 x 2) (2)

2.4.2 Lewer kommentaar op die implikasie van die stelling …. 'WVK het die grondslag gelê vir die bou van versoening onder alle Suid-Afrikaners'. (1 x 2) (2)

2.4.3 Hoekom volgens die bron het die WVK in Suid-Afrika internasionale aandag getrek? (1 x 2) (2)

2.4.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die Suid-Afrikaanse WVK verskil het van die Nuremburg-verhore ná die Tweede Wêreldoorlog. (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C verskil van die bewyse in Bron 2D aangaande die werk van die WVK. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik of die Waarheids-en-versoeningskommissie (WVK) suksesvol was om Suid-Afrika uit 'n verdeelde verlede te versoen. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTEL VRAE

Beantwoord ten minste EEN of TWEE vrae in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 3: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

Die filosofie van Black Consciousness en Steve Biko het 'n belangrike rol gespeel in die organisering van swart Suid-Afrikaners teen die apartheidsregime in die 1960's en 1970's.

Bespreek hierdie stelling krities. Motiveer jou antwoord met relevante historiese bewyse. **[50]**

### VRAAG 4: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

"Suid-Afrika se pad na demokrasie was met verskeie uitdagings, dilemmas (probleme) en struikelblokke geteister (geaffekteer). Dit was die gees van intense onderhandelinge, vasberade (ferm) leierskap en verbintenis tot demokrasie wat uiteindelik gelei het tot die geboorte van 'n demokratiese bedeling in 1994".

Stem jy saam met die stelling? Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**Totaal: 150**

Kopiereg voorbehou